8.
Dawid en Jonathan

Vooraf

Wie is jou heel beste vriend of vriendin? Wat beteken dit vir jou om so 'n vriend of vriendin te hê? Om goeie vriende te hê wat jy kan vertrou, is baie belangrik. Vriende kan 'n groot invloed op ons lewens hê. Vriende help mekaar. Die Bybel vertel ons dat ook Dawid 'n baie goeie en spesiale vriend gehad het – een wat selfs sy lewe gered het.

Vertel, vertel!

Daar het baie jare verby gegaan vandat Dawid as koning gesalf is, totdat hy uiteindelik as koning in die paleis kon gaan woon. Hierdie tyd was beslis nie altyd maklik nie. Omdat Dawid so suksesvol was, was Saul baie jaloers op hom.

Dawid was maar 'n gewone skaapwagter, maar nadat hy vir Goliat verslaan het, het almal skielik van hom geweet. Koning Saul het vir Dawid saamgeneem om by hom in sy paleis te kom woon. Op pad terug het danseresse hulle tegemoet gekom. "Saul het duisende verslaan, maar Dawid tienduisende," het hulle gesing en op hulle tamboeryne gespeel. Hieroor was Saul sommer vies. "Ek duisende, maar Dawid tienduisende?" het hy gebrom. "Wat is volgende? Moet Dawid nou in my plek koning word?"

In hierdie tyd het Dawid 'n nuwe vriend ontmoet. Jonathan, Saul se eie seun, het baie van Dawid gehou. Hy was glad nie jaloers op Dawid se sukses nie. Hy het selfs sy mantel en sy wapens vir Dawid gegee om te wys dat hy eintlik Dawid se onderdaan wou wees. Dit

was die begin van 'n baie hegte en mooi vriendskap - 'n vriendskap wat vir Dawid nog baie sou beteken. *(Wag 'n oomblik.)*

Ook Mikal, Saul se dogter, het baie van Dawid gehou. Saul het haar vir Dawid as vrou gegee sodat Dawid nou die koning se skoonseun was. Maar dit beteken nie dat Saul van Dawid gehou het nie! Hy was nog baie jaloers op Dawid en het eintlik gehoop dat Dawid in een van die oorloë teen die Filistyne sou sterf. Dit het natuurlik nie gebeur nie. Dawid was elke keer suksesvol en almal, ook koning Saul, kon sien dat die Here by hom was.

Saul het self ook probeer om Dawid dood te maak. Twee keer, terwyl Dawid vir Saul op sy lier gespeel het, het Saul vir Dawid met sy spies probeer doodgooi. Gelukkig kon Dawid elke keer betyds koes, maar hy het geweet dat koning Saul hom wou kwaad aandoen.

Omdat die Here nie meer by Saul was nie, het dit al hoe slegter met Saul gegaan. Hy was so jaloers op Dawid dat dit hom skoon siek gemaak het. Hy het met al sy offisiere en selfs met Jonathan gepraat om Dawid dood te maak. *(Wag 'n oomblik.)* Jonathan het dadelik vir Dawid gaan waarsku. "My pa wil jou doodmaak," het Jonathan gesê. "Gaan kruip môreoggend op 'n veilige plek in die veld weg. Ek sal daar naby met my pa gaan praat en probeer uitvind wat aangaan." Dawid het dit gedoen en Jonathan het probeer om Saul van plan te laat verander. "Pa moet tog nie vir Dawid kwaad aandoen nie," het Jonathan gepleit. "Kyk net wat het hy alles vir u gedoen. Dit sal mos sonde wees om 'n onskuldige man te laat doodmaak." Saul het na Jonathan geluister en geantwoord: "Jy is reg, ek belowe ek sal nie vir Dawid doodmaak nie."

Jonathan was baie bly en het vir Dawid die goeie nuus vertel. Maar ongelukkig het Saul nie lank van hierdie belofte onthou nie. Kort voor lank het hy maar weer begin planne maak om Dawid dood te maak en Dawid moes vlug. Dawid het na Jonathan gegaan en

gesê: "Die koning wil my nog steeds doodmaak. Ek dink hy steek dit vir jou weg omdat hy weet dat ons vriende is." "Ek sal uitvind wat aangaan," het Jonathan geantwoord. "As die koning jou wil doodmaak sal ek dit beslis vir jou kom sê. Mag die Here by jou wees soos wat Hy by my pa was. Belowe asseblief dat jy altyd vir my familie goed sal wees." Dawid het dit vir Jonathan belowe.

Dawid moes die volgende aand saam met die koning gaan eet. "Ek sal nie gaan nie," het Dawid vir Jonathan verduidelik. "Luister bietjie wat die koning sê. "As hy nie omgee nie, is ek veilig, maar as hy kwaad is, moet jy weet hy wil my beslis laat doodmaak." Die twee mans het ook 'n teken afgespreek waarop Jonathan vir Dawid kon laat weet wat aangaan sonder om self uitgevang te word.

Jonathan het toe teruggegaan na die paleis en Dawid het gaan wegkruip. Toe koning Saul sien dat Dawid nie aan tafel is nie, was hy woedend. "Hoe kan jy met hierdie man vriende wees? Jy sal nooit kan koning word as Dawid leef nie," het hy vir Jonathan geskree. "Hy moet doodgemaak word!"

Die volgende dag het Jonathan na die veld gegaan soos hulle afgespreek het. Hy het drie pyle geskiet en vir sy slaaf gesê: "Gaan haal die pyle. Die pyle lê verder. Maak gou, moenie tyd mors nie!" Hierdie woorde was die teken dat die koning nog steeds vir Dawid kwaad was en hom wou doodmaak. Hierna het Jonathan die slaaf teruggestuur en Dawid het uit sy wegkruipplek gekom. Altwee mans het gehuil. "Gaan in vrede," het Jonathan vir Dawid gesê. "Die Here sal vir altyd 'n getuie wees van ons vriendskap." Jonathan het teruggegaan na die stad toe, maar Dawid het gevlug. Danksy sy goeie en getroue vriend het hy nou geweet dat sy lewe in gevaar is en kon hy betyds weggaan.

Vertel weer

Laat die kinders die verhaal twee-twee vir mekaar vertel. Wat het hulle in hulle gedagtes gesien en hoe het hulle gevoel terwyl hulle na hierdie verhaal geluister het?

Kom ons dink saam

1. Hoe kan ons seker weet dat Dawid en Jonathan vriende was?
2. Hoekom wou Saul vir Dawid laat doodmaak?
3. Wat het Jonathan hiervan gesê?
4. Jonathan moes kies tussen sy pa en sy beste vriend. Wat het hy gekies en hoekom dink jy het hy dit gedoen?
5. Hoe het Jonathan vir Dawid probeer help?
6. Dink jy God kan ons vriende in ons lewens gebruik? Hoekom sê jy so?
7. Watter eienskappe van vriende kom in hierdie verhaal na vore?
8. Die verhaal waarsku ook teen jaloesie. Wat doen jaloesie aan verhoudings?

Ontdek en leer:

- ✓ Gaan lees hierdie verhaal in 1 Samuel 18, 19 en 20.
- ✓ Gaan dink hierdie week oor die belangrike vriendskappe in jou lewe. Wat kan jy doen om 'n beter vriend te wees?
- ✓ Leer en onthou: *"Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader is as 'n broer."* Spreuke 18 vers 24
- ✓ Bid elke dag: *"Dankie Here, vir die goeie vriende wat ek het. Help my om ook 'n goeie vriend te wees ."*